LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

06-08-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 26 VIR 2018

1 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:**
Suikerbosrand Eisteddfod se tweede gedeelte vind plaas vanaf 10-12 September. Inskrywings sluit op 15 Augustus en geen laat inskrywings word aanvaar nie. Hierdie inskrywings is slegs vir leerders wat Drama (vokaal en musiek) doen. Dit sluit in Monoloog, Bybel, Gedramatiseerde Prosa, Vertelende Prosa, Gedramatiseerde Poësie & Mimiek. Dans items sal later beskikbaar wees. Items is R35 per leerder. Sang (Groepe en Duet) beloop R60 per item en Konsert is R50. Die regte bedrag geld moet asb. in 'n koevert met leerder se naam op by die kantoor ingehandig word. Leerders wat belangstel kan vorms afhaal by Juf. Lizelle, Gr 1-3 en Juf. Madeleine, Gr 4-7.
Kuns: Sluitingsdatum vir inskrywings is 15 Augustus 2018 en Tema is Geboue. Alle kunsstukke moet teen 30 Augustus by Juf. Lizelle of Juf. Madeleine ingehandig word.

2 **KOOR**:
Juniorkoor:
Koor oefen Maandag, 6 Augustus vanaf 14:00 - 14:45.
Seniorkoor:
Koor oefen Woensdag, 8 Augustus vanaf 14:00 - 15:45.
Baie belangrik!
Heidelberg Eisteddfod (kore) vind plaas op 17 Augustus om 12:00 in ons skoolsaal. Daar is baie min tyd oor tot dan. Maak asseblief seker dat u kind al die oefeninge bywoon en nie ander afsprake reël in koortyd nie. Ons kan nie nou meer verskonings aanvaar nie! Indien daar wel 'n probleem opduik, kom maak asseblief persoonlik verskoning by Juf. Danell Oosthuizen of Juf. Sarita Sprong.

3 **LANDLOOP 2018:**
Oefentye is soos gereël met atlete.

4 **MINI-KRIEKET:**
Oefening net Maandag van 14:00 - 15:00 en nie Woensdag nie, a.g.v. die langnaweek.
Wedstryde:
18 Aug - Eligwa; 25 Aug - Handhawer; 8 Sept - Voorwaarts; 15 Sept - NWU KFC

5 KRIEKET:

Krieketoefening: Maandag en Dinsdag oefen 0/9 tot 0/11 vanaf 14:00 - 15:00 by die nette. Maandag oefen 2de en 1ste span vanaf 15:00 - 16:00 by die nette.
NEEM KENNIS: Woensdag se 0/11B krieketwedstryd teen Destinata is gekanselleer.

6 MUSIEKFEES:

Ons beplan hierdie jaar 'n Musiekfees op 17 & 18 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies kan deelneem en saamwerk om dit iets regtig spesiaal te maak. Daar is geen kostes aan verbonde nie, so kom ons kyk of ons dit 'n ware skoolpoging kan maak!

7 MINI-KRIEKET:

Alle spanne oefen vandag, 6 Augustus op ons rugbyveld van 14:00 tot 15:00. Geen oefening verder die week nie.

8 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdae. Geen oefening vir Donderdag nie.

9 BILTONG EN DROëWORS:

Daar is Blouwildebees biltong en -droëwors te koop by Mnr Tiaan @ R50 vir 'n 500g pakkie.

10 SPREEKKOOR:

Ons oefen elke Maandag vanaf 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas. Almal moet asb. daar wees.

11 PUBLIC SPEAKING:

Volkies gaan hierdie jaar wegspring met ons eerste Public Speaking-aand vir Graad 1-7 leerders op 24 Oktober 2018. Inskrywings sluit op 29 September en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywingsvorms kan vir Gr. 1-3 by Juf. Lizelle afgehaal word en Gr. 4-7 by Juf. Madeleine.

12 GRAAD R KLAS:

Aansoek vir toelating tot ons Gr R klasse vir 2019 het Maandag, 30 Julie geopen tot 21 September 2018. Die nodige vorms kan by Mev Chrissie Maré (ontvangs) afgehaal word. Drie Gr R klasse word beplan vir 2019. U aansoek verseker nie dat u kind outomaties plek in die Gr R klasse vir 2019 het nie.

Ouderdom van leerders: Leerders wat in 2013 gebore is (en 6 jaar oud word in 2019) asook leerders wat tot en met 30 Junie 2014 gebore is (en 5 jaar oud word voor 30 Junie 2019), kan inskryf.

Graad R Opedag is op 21 September 2018. Alle aansoeke sal oorweeg word en ouers sal in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was. Vir enige navrae, kontak gerus vir Juf. Alta de Klerk by die skool.

13 WISKUNDE OLIMPIADE:

Die Gr 6 en 7 leerders wat ingeskryf het, skryf vandag, 6 Augustus vanaf 14:00 tot 15:00, Wiskunde Olimpiade in Juf. Leonie se klas.

14 BLIKKIESKOS PROJEK:

Ons skool ondersteun hierdie projek in samewerking met al Heidelberg se nie-winsgewende organisasies. Die doel hiervan is om die "Guinness World" rekord te breek met die grootste kos piramiede. Hulle poog om 31 002 blikkies in te samel. Die skool se Hartklop projek gaan ook baat hierby. Blikkieskos kan by die registerklasse ingegee word tot 30 Augustus 2018.

15 FORMELE ASSESSERING:

- Leerders is skoolpligtig.
- Leerders het begin met formele assessering. Grondslag- en Intersenfase doen deurlopende assesseringsaktiwiteite. Leerders moet asseblief elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word.** Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0% kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- Normale klaswisseling vind plaas by Gr 4-7.

16 VARKFEES:

Ons is baie opgewonde oor vanjaar se Varkfees wat plaasvind op **31 Aug en 1 Sept 2018** by Heidelberg Vliegveld.

- **MUSIEKPRET 2018:**
  Ons jaarlikse musiekpret vind plaas op Woensdag, 29 Augustus om 19:00 in die skoolsaal. Daar is tafels vir 10 persone beskikbaar teen R75 per persoon. Indien u 'n gasvrou sou wou wees vir 'n tafel van 10, kontak asb vir Juf Ronelle Terblanche by 0834152116.
- **HEKDIENS:**
  Ons maak vanjaar weer staat op ons ouers se samewerking en hulp. Voltooi asb. die hekdiensrooster en stuur vir ons terug skooltoe.
- **"SKYDIVERS":**
  Koop jou merker en staan 'n kans om 'n prys te wen. Leerders ontvang op 13 Augustus elkeen 'n lys om merker-kaartjies te verkoop teen R20. **Alle lyste** moet teen 28 Augustus terug wees om in aanmerking te kom. Leerders sal 30 Augustus hul merkers ontvang wat op Saterdag, 2 September geplaas moet word. *Leerders wat meeste merkers verkoop ontvang as 1ste prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies + R500 kontant; 2de prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies + R300 kontant; 3de prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies. Ouers ontvang 1ste prys = Tandem Valskermsprong vir 2 persone van R3500; 2de prys = Geskenkbewys van R2000; 3de prys = Geskenkbewys van R1500.*

17 DIGITAL COCAINE:

Brad Huddlestone,'n internasionale spreker en outeur lig ons in oor die gevare en misbruik van elektroniese toestelle op Dinsdag, 14 Augustus om 19:00 by die Lesedi Community Centre, in Breëstraat 1, Heidelberg! Hierdie is 'n MOET vir alle ouers! U is baie welkom om dit saam met ons by te woon.

Volkiegroete

J.J. JORDAAN
ADJUNKHOOF